

SLANGE, SWAELTJIES EN ANDER STAALTJIES

R.A. Earlé

Om navorsing te doen is nie altyd die spreekwoordelike sonskyn en swaeltjies nie. Soms is dit meer 'n geval van donker slote, stormwaterpype, spinnekoppe, slange en ander sissende goed.

Die Departement Ornitologie van die Nasionale Museum is al vir 'n aantal jare besig om die biologie en ekologie van verskeie swaelspesies te bestudeer. Die swaelfamilie as 'n groep is goed bekend by die algemene publiek, aangesien hulle dikwels van die mens se strukture, soos huise en brûe, gebruik maak om hul neste op te bou en dus dikwels in die mens se nabyheid voorkom. Die wetenskaplike inligting omtrent hierdie groep voëls is egter maar skraps en gou het ons ervaar waarom. Behalwe dat 'n aantal van die spesies geslote modderneste bou en op dié manier hul privaatlewe hul eie hou, het sekere soorte ook die nare gewoonte om in baie nou en lae stormwaterpype neste te bou. Beslis 'n navorsingsplek slegs vir nie-kloustrofobiese navorsers! In die warm somermaande wanneer die swaels broei, is dit heerlik koel in hierdie pype en meer as net die swaels word dikwels hier aangetref. Die pype wat graag deur die Rooiborsswael gebruik word, is so min as 0,4 m in deursnit en om daar in te kom beteken dat die navorser op sy maag moet inskuur en op sy maag in trurat moet uit — daar is geen spasie vir omdraai nie.

Soms, gewoonlik aan die einde van 'n harde dag wat grootliks uit maagkruip-oefeninge bestaan het, verslap die navorser se waaksaamheid met onvoorspelbare gevolge. Onlangs het ek byvoorbeeld 'n Rooiborsswaelnes in 'n stormwaterpyp geïnspekteer sonder dat my sensors aangeskakel was. Eers toe ek die nes bereik, sou ek beseft dat ek knussies langs 'n meterlange pofadder lê! Gelukkig raak ek lam van sulke dinge en dit gee my brein kans om te dink "wat nou?" Ek kon met die pyp en al opstaan en loop, maar daarvoor was my hare veels te kort. Ek kon probeer om die langste stil te lê en wag dat die slang wegseil, maar daarvoor was my geduld veels te kort. Die slang het in elk geval 'n paar vet




muse in sy pens gehad en ek sou 'n week of twee moes wag. Al uitweg wat oorgebly het, was, *va/aan!* Die leerhandskoene wat ek gebruik om my hande te beskerm teen skerp klippe in die pype het handig te pas gekom toe ek na sowat 10 minute besluit het om die daad by die gedagte te voeg (ek kon nie vroeër nie, ek was nog lam). Met 'n pofadder wat té dik gevreet is om veel teenstand te bied, is ek in trurat uit. Blote menslikheid laat my toe besluit om die slang in 'n ander pyp sowat 200 meter verder te gaan plaas. Hy het dit baie waardeer en slegs drie maal sy tong vir my uitgesteek! Nodeloos om te sê, ek het die swaeltjies in pyp F55 maar oorgeslaan, môre is mos nog 'n dag.

Sekere groot kewers bekend as oogskieters is ook baie lief vir die halfdonker in stormwaterpype, hoe donkerder hoe beter. Meer nog, hulle is elkeen uitgereik met 'n paar kake wat bloed trek as hulle jou beetkry. Wanneer die navorser op sy maag lê is hy weerloos teen dié insekte en dit het al dikwels gebeur dat die donkerste plek in die pyp die broekspyp van die navorser is. Daar kruip die kewer in totdat hy nie meer verder kan nie. As jy beweeg word jy gebyt — as jy nie beweeg nie word jy gewoonlik ook gebyt — miskien is die vleisies maar net lekker daar in die binnebond. Ek

verkies die "stillê-metode" bloot net omdat daar 'n moontlikheid is om nie gebyt te word nie. Gelukkig is die kewers altyd op soek na beter weivelde en 'n stillê duur selde meer as 10 minute. Ek wens dikwels dat my hare Simpson-lengte was sodat ek met pyp en al kon opstaan en dit wat nie in my broekspyp hoort nie, uitskud wanneer dit nodig is.

In pyp J5 het 'n ystervark besluit om homself tuis te maak. Gewoonlik is hy nie tuis as ek die pyp besoek nie en die paar maal wat hy wel daar was, het ek, sonder dat hy eers wakker word, die swaelnes besoek en die nodige aantekeninge gemaak. Een oggend vroeg, net na sonop, het ons gelyk by J5 aangekom. Eintlik was ek 'n rapsie voor hom daar, want ek was al vollyf in die pyp toe ta ewe rustig van die ander kant af inkom. Ek lê doodstil soos dit enige onderdanige indringer betaam, maar miskien was dit die fout, want hy gewaar my eers toe hy twee meter van my af is. 'n Ystervark het mos nie verniet penne nie en toe hy

my sien, vlerk hy hulle uit in alle rigtings om te wys hoe kwaad hy is en daar sit hy vas! Terug kan hy nie, en ek sien sommer hoe werk sy brein om te dink hoe hy vorentoe by my verby gaan kom. Ek maak toe maar 'n beweging wat aandui dat ek in trurat is en dit spoor hom aan om vorentoe te storm. Die volgende waarvan ek weet is dat ek buite die pyp lê met nerfaf knieë en 'n paar ystervarkpenne wat in my waterskoene en bo-been bly steek. Wat van die ystervark geword het, weet ek nie so mooi nie, nie dat ek werklik 'n brandende begeerte gehad het om uit te vind nie.

Nou het ek nog nie eers gepraat van die baie knopiespinnekoppe, bewende "daddy longlegs" en bloedsuiende stinkgoggas wat maar altyd daar in die pype teenwoordig is nie. Dit wil voorkom asof die swaeltjies die enigstes is wat nie omgee dat ek in die pype inkruip nie, nog nooit het een van hulle my bestorm of gebyt nie! Wat 'n mens darem nie alles vir "NAVORSING" sal doen nie né?! 

DIE GRONDDAM OP FLORISBAD GROTER EN DIEPER GEMAAK



Om die opvoedings- en navorsingspotensiaal van Florisbad-navorsingstasie uit te brei, is die bestaande dam op die terrein onlangs vergroot en verdiep. 'n Groot veskeidenheid plante, inheems

aan die deel van die OVS, is om die dam aangeplant om soveel voëls as moontlik te lok. Die dam sal beslis 'n groot bydrae lewer tot die opvoedingspotensiaal van Florisbad.